
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

Die Republiek sal die Britse demokrasie vernietig.




Die Britse demokrasie sal nie die Republiek bring nie.

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 21 JANUARIE 1942. No. 11.

# Partystelsel Sal In Republiek Wat Kom Nie Geduld Word Nie

## Duidelike Verklarings van O.B.-Voormanne

**'n Geesdriftige gehoor van tweeduisend het Saterdagaand, 10 Januarie, op Bellville geluister na die toesprake van die Kommandant-generaal, die voorsitter van die Grootraad, ds. S. J. Stander, genl. J. D. Jerling, A.K.G. van Transvaal, en genl. J. A. Smith, A.K.G. van Kaapland. Volksliedere is gelei en marsmusiek gespeel deur die blaasorkes van die Kaapstadse Ossewabrandwag, terwyl 'n mooi erewag die sprekers ingewag het.**

Die toespraak van die Kommandant-generaal het reeds in verlede week se uitgawe van ons blad verskyn.

Genl. Smith het van die twee besoekende leiers uit Transvaal — wat albei baard dra — gewag gemaak as die kraagmannetjies van die O.B.-leeus. Hy het hom bepaal by die aanvalle van owerheidsweë op Afrikaners en die Ossewabrandwag as gevolg waarvan die dissipline van die vervolgde mense meer en meer verbreek word. Aan hierdie ondermyning van dissipline het ook die partyleiers deelgeneem.

„Hierdie veldtog gepaard met die gebrek aan beskerming van die individu teen ongeregverdigde vervolging, vind sy reaksie in die vorm van verset of voorbereiding daartoe, selfbeskermend teen geweld op diegene wat belaster en met vervolging en selfs geweldpleging bedreig word. Vir wat gedoen word in hierdie opsig, is buite die opdrag en die verantwoordelikheid van die O.B. gedoen," het genl. Smith beklemtoon.

„Wat die Regering betref, word 'n ernstige beroep gedoen om 'n verstandiger beleid te volg en af te sien van intimidering en vervolging, en die pogings om 'n volksbeweging te onderdruk of Afrikaners wat hul reg as seuns van die land eis, met sy jingo-beleid uit te tart en dan in die tronke te stop.

Die O.B. betreur die stryd wat deur die Partyleiers gevoer word teen die O.B. as draer van die Nasionaal-Christelike idee van die Afrikanerdom en dit bevorder deur dissiplinering van die volk en mobilisasie van alle republikeinse kragte in die beskerming van die Afrikanerdom en vir die bereiking van sy vryheid. Waar die O.B. sy steun aan dié Party in sy aangewese werksaamhede vir dieselfde doel indertyd toegesê het, kan hy en sy lede die Party nie steun in die stigting van 'n instrument, die jongste strydwapen teen die O.B., verleen nie. **Op grond van hierdie laaste stap van die Partyleiers waardeur hy in mededinging met die O.B. nou die O.B. se besondere oorspronklike terrein betree en sy funksies probeer oorneem, is dit duidelik vir die volk dat die Party deur sy leiers omgeskep is in 'n doelbewuste vyandige organisasie teen die O.B. as die republikeinse volksbeweging. Daardeur probeer die Partyleiers om 'n politieke party te laat ontaard in 'n tirannieke dwingeland oor alle volkskragte met die voorwendsel dat hy alleen die volkswil en rigting verteenwoordig, 'n ontwikkeling in stryd met die beginsels en wese van die Nasionaal-Christelike republikeinse stelsel.** Hierin kan O.B.-lede die Partyleiers nie steun nie, nl. in die skepping van 'n organisasie in opposisie met die O.B. en as strydwapen teen hom. Die O.B. en die Party het aparte funksies en kan sonder stryd langs mekaar staan. Dit wil die Partyleiers nie hê nie, maar oorheersing van 'n politieke party oor 'n volksorganisasie, uitwissing klaarblyklik van alles wat nie 'n onderdeel van 'n party of deel daarvan is nie. Aan die beurt sal, as die volk dit toelaat, al die ander organisasies kom, terwyl die Party inherent self-verbrokkelend is, steeds aan opsplitsing is net soos 'n kiem wat sodoende die bloed van die hele liggaam besmet.

**Daarom sê die O.B. dat, hoewel Partye vandag onder die huidige regeringstelsel daar is, in die toekomstige staat onder 'n gans nuwe bedeling, net soos in die ou Republieke nie sal mag bestaan nie, en wel terwille van volkseenheid en 'n eenheidstaat."** (Groot toejuiging.)

### GENL. JERLING

Genl. Jerling het met verwysing na die jongste gebeure aan die Rand verklaar dat die Transvalers die Imperialistiese kapitalisme van naby leer ken het, en daarom is dit geen wonder dat hulle meer gebelgd voel as die ander Provinsies nie. Die soldate dra vandag dieselfde uniforms as dié wat veertig jaar gelede ons huise daar afgebrand het. Voortgaande het hy na die veronregting van Afrikaners verwys wat feitlik geen regsbeskerming geniet nie. Adv. Lawrence het in twee gevalle waar hofsake teen Afrikaners aan die gang was by voorbaat die Ossewabrandwag beskuldig van aandadigheid. **In albei gevalle het dit duidelik uit die getuienis voor die Hof geblyk dat die Ossewabrandwag niks daarmee te doen gehad het nie.** As adv. Lawrence aanhou om mense na die kampe te stuur, sal hy maai wat hy gesaai het. **Mense wat geïnterneer word, het nie die elementêre reg om hulle deur 'n wetgeleerde te laat verdedig nie, en die hof wat hulle verhoor bestaan uit staatsamptenare wat nie onpartydig is nie.**

Genl. Jerling het met betrekking tot die S.J.'s gewys op die noodsaaklike werk wat hierdie organisasie kort na die uitbreek van die oorlog moes doen om wet en orde te help handhaaf. Op die aand van die oorlogsverklaring is motors in Johannesburg verbrand en algemene wanorde het in die strate geheers. Spr. het met sy mense by latere geleenthede gehelp om die orde te herstel, en offisiere van die Polisie het hulle daarvoor bedank. **Daar is gepraat van aanrandings op soldate deur baarddraers, maar toe die Regering 'n wet daarop maak, het geen baarddraer tronk-toe gegaan nie, maar net soldate en matrose.**

Tydens die soldate-onluste aan die Rand was

(Vervolg op bls. 4, kolom 2.)

## REGERING BEDANK DR. MALAN VIR INLIGTING TEEN O.B.

IN SY TOESPRAAK IN DIE VOLKSRAAD VERLEDE DONDERDAG HET MINISTER A. M. CONROY ERKEN DAT DIE REGERING WAARDEVOLLE INLIGTING VAN DR. MALAN TEEN DIE OSSEWABRANDWAG GEKRY HET. HY HET BEKLEMTOON DAT DIE REGERING VERAL DANKBAAR WAS VIR DIE INLIGTING WAT DR. MALAN IN SY PAARLSE TOESPRAAK VERSTREK HET.

AS 'N MENS OP DIE GROOTSKAALSE INTERNERINGS EN INHEGTENISNEMINGS LET WAT TANS AAN DIE GANG IS, IS DIT DUIDELIK DAT DIE REGERING OP DAARDIE INLIGTING GEHANDEL HET.



# Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE.*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/8 |
| Brandewyn Ekstra Spes.) | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 groot bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., Oudtshoorn.

**SCHOEMANNELLO-DRANK!**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE



**La Belle Alliance**

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons Ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, Kaapstad.


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Oorsig van Wêreldgebeurtenisse

## Die „Tweede" Front

'n Paar maande gelede was die roep na 'n tweede front teen Hitler 'n welbekende kreet. Die Spilmoondhede moes gedwing word om hul reuse-magte aan meer as een front te gebruik ten einde Engeland 'n kans te gee om asem te skep en om die Imperiale magte wat in die Nabye Ooste saamgetrek was, in aksie te bring. Joego-Slawië en Griekeland het egter nie die gewenste resultaat getoon nie, inteendeel, Duitsland het die voortou geneem en Kreta uit die lug gevat. Die „gruwelike" Duitse opmars teen Rusland was welkom, maar Churchill en Eden sou liewer gesien het dat Hitler nie sy eie „tweede" front skep nie, want sy eie fronte het steeds geblyk om 'n reeks gekonsentreerde aanvalle te wees. Later was Stalin aan die beurt om 'n tweede front teen die Duitsers te eis. Hy het dit in Noord-Afrika gekry.

Dié kreet na 'n tweede front is onverstaanbaar, want terwyl Duitsland en Italië deur middel van hul sentrale ligging in 'n beter posisie is om hul magte heen en weer te stoot, verkeer Brittanje en sy bondgenote — afgesien van Rusland—in die haglike posisie dat hulle hul magte duisende myle oor gevaarlike waters moet stuur om nuwe aanvalle die hoof te bied of om aanvalle op tou te sit. Dit beteken tydverlies en 'n kragsverdeling sonder weerga wat Brittanje betref.

## Die Ses-en-twintig Bondgenote

Vandag behoort die geallieerdes tevrede te wees. Brittanje se wens het in vervulling gegaan, ja so goed, dat die geallieerde oorlogvoering sekerlik benoud voel as hy na die nuus van die nuwe front teen die Spilmoondhede, d.w.s. teen Japan luister. Die vereistes wat nou aan die oorlogsmasjien van 'n Churchill en Roosevelt gestel word, is te veel. Nuwe verdowingsmiddels is onmiddellik na die eerste skok aangewend. Churchill reis na Washington, Eden na Moskou en die resultaat: Utopiese verklarings word uitgereik om die „demokratiese" volkere te bedaar. Maar dit grens aan gekskeerdery as Churchill en Roosevelt opdaag met 'n heilige ooreenkoms, waarvolgens ses-en-twintig state onderneem om al hul bronne en die mannekrag vir die vernietiging van die Spilmoondhede saam te smee en om geen vrede met Hitler en sy bondgenote te sluit nie, tensy hulle die vrede kan dikteer. Ons wil net daaraan herinner, dat o.m. dié volgende „vrye" regerings hul mannekrag en bronne aan die geallieerde saak verpand het: Noorweë, Pole, Luxemburg, Holland, België, Frankryk, Joego-Slawië, Griekeland, e.a., **maar dat die bronne en die mannekrag van hierdie state in werklikheid tot die beskikking van Duitsland en sy bondgenote is.** As ons die ondersoek wil voortsit, sal die getal van 26 maar baie klein word. Die ooreenkoms is niks meer en niks minder as 'n onverskillige bedrog.

## Die Verre Ooste

Sedert die Japanse toetrede tot die oorlog het 'n merkwaardige verskuiwing van belange plaasgevind. Die houe wat Japan die Britse Ryk en die V.S.A. toegedien het, was so groot, dat die „gallant little Japs" vandag reeds die hele oorlogsterrein in die verre Ooste deur middel van hul vloot-, lug- en landmagte beheer. Was dit nie so nie, dan sou dit vir die Japanners onmoontlik wees om met hul vlooteenhede vandag nog tot naby die Hawaï-Eilande deur te dring, dan sou die besetting van Wake-eiland, die Filippynse Eilande, Noord-Borneo, Hong-Kong, ens., ens. 'n onmoontlikheid gewees het en Singapoer sou vandag nie 'n veilige verlies wees nie.

## Ander Fronte

Terwyl groot slae in die Ooste teen die „demokratiese" kruistog val, is Duitsland besig om 'n nuwe aanval voor te berei. Dit word te kenne gegee dat Rusland nou uiteindelik aan die wenkant is. Die Imperiale magte in Noord-Afrika beweeg nog steeds heen en weer. Rommel is nog nie opgefrommel nie, en die verlenging van die duur van hierdie veldtog is sekerlik uiters gevaarlik vir die Britse oorlogsvoering in die Verre Ooste. Die troepe en materiaal wat deur Rommel in Noord-Afrika gebind word, word elders benodig. Die kreet na meer fronte is skynbaar 'n tragiese klug.

## Waar Gaan Hitler Slaan?

Etlike maande gelede het Churchill beweer, dat Hitler oor 'n leër beskik wat sterk genoeg is om in die Ooste verdedigend op te tree en dan nog gevaarlike aanvalle teen die Britse Eiland, teen Gibraltar en teen Egipte kan onderneem, wat waarskynlik suksesvolle ondernemings kan wees. Buitendien beskik Hitler oor uitstekende en uitgebreide verbindingsweë, maar gelukkig is die Britse lugmag sterker as Hitler se Luftwaffe. Daar word in die algemeen erken dat Japan se lugmag swakker as die Duitse is en dat Brittanje se lugmag in die Verre Ooste vreeslik sterk sou wees. Dis die nuus voor Japan se toetrede tot die oorlog. Wel, die Britse Lugmaarskalk in die Verre Ooste, Popham Brooke, het onlangs die teendeel bewys en beweer; hy het sedertdien sy eervolle ontslag ontvang.

Die stilte wat aan die Europese fronte heers, dui aan dat weer iets aan die gang is. Wat, weet ons nie, maar die hele demokratiese wêreld word weer toegelaat om voorspellings te maak. Een ding is seker, wat ons sedert die uitbreek van die oorlog verwag het, het feitlik nooit gebeur nie. Dit is 'n oorlog van verrassings. Maar nogtans is dit veilig om te beweer dat Hitler iets moet onderneem voordat hy sy veldtog teen Rusland in die lente hervat; verder is dit 'n voldonge feit dat sowel Duitsland as Italië

(Vervolg op bls. 3, kol. 2.)


DIE

**KLEREMAKER**

EN

**UITRUSTER**

VAN

KAAPSTAD

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# Majuba-Terrein Omgeskep in ware Vakansie-oord vir Feesgangers

## Groot Oorwinningsvuur Word Aangestook; Viering van Vryheidsdag op 27 Februarie

**Groot voorbereidingswerk is reeds vir meer as 'n maand aan die gang by Majuba waar die Boerevolk onder beskerming van die Ossewabrandwag op 27 Februarie sy groot sentrale vryheidsfees gaan hou, wat van 27 Februarie tot middernag Sondag, 1 Maart, sal duur.**

Onder toesig van hoofkommandant A. P. van Heerden in opdrag van genl. J. D. Jerling, A.K.G. van Transvaal, word die terrein tans uitgelê om vir eeue te staan. Die opmetingswerk is gedoen deur veldkt. Hoffman van die Nigel-kommando wat sy hele vakansie daar deurgebring het. Onthou sal word dat genl. Jerling 'n groot aandeel geneem het in die aankoop van die grond by Majuba vir die Ossewabrandwag. Die O.B. in Transvaal het feitlik die hele bedrag van die koopsom byeengebring, en dit is dan ook Transvaal wat tans weer die taak op hom geneem het om die terrein uit te lê.

Die hoofkwartier is op 'n sentrale koppie ongeveer drie-kwart myl van die voet van die berg af geleë met 'n uitsig oor die hele kampterrein. Daar is meer as vyftig strate aangelê waarvan sommige soveel as drie-kwart myl lank is. Langs die kant van elke straat is 'n dubbele ry persele van 25 voet by 25 voet elk. Die groot paaie of strate is veertig voet wyd en die kleineres 20 voet. Die terrein word in vier dele verdeel sodat elke provinsie sy eie kamp sal hê.

In die middel van die Transvaalse terrein word 'n groot gebou opgerig van 40 voet by 100 voet, en met feesgeleenthede sal daar vleis en ander kosware verkoop word.

Regoor hierdie plek is die terrein vir die volkspele uitgeslaan en in een hoek daarvan word 'n swemdam gebou waar mans en vroue beurtelings gedurende die dag hulle kan verfris in die heerlike fonteinwater wat uit die berg daarheen aangelê is. Gemengde baaiery sal nie daar toegelaat word nie.

### JEUGKAMP

Die hele terrein is afgemerk in persele met drie-voet-penne wat binnekant egter vervang sal word deur bome. **Die plan bestaan naamlik om in die loop van die jaar 'n groot jeugkamp daar te hou wanneer die jong seuns op die plek van elke pen 'n boom sal plant.** Drie verskillende soorte bome sal geplant word, een soort vir die hoofweg en ander soorte vir die strate. **Op hierdie wyse sal die raamwerk van die terrein verewig word, en daarmee sal die jeug belas wees.**

Dit was 'n geweldige werk om al die ongelykhede op te vul, slote toe te gooi, driwwe te grawe en die water aan te lê.

Die hoofkwartier bo op die koppie word bereik deur 'n pad al langs die hang wat spesiaal aangelê is. Met 'n pypleiding word vars water van die fontein in die berg af aangebring tot by die kwartier. **Die water vir die hele terrein word met pype gebring vanuit twee fonteine in die berg tot in 'n beton-dam aan die hang van die berg waar 75,000 gelling water opgegaar kan word.** Van die dam af loop pype 'n lengte van 2,000 voet al langs die hoofweg en by elke dwarsstraat is 'n kraan. Dertig stortbaddens — vyftien vir elke geslag — is ook op die terrein aangebring. **Altesame sal daar 'n pypleiding van 5,000 voet lengte wees.**

Dwarsdeur die jaar sal die terrein beskikbaar wees vir O.B.-vakansiegangers, en later sal rondawels op die persele gebou word vir dié doel.

**Op 27 Februarie, d.i. op VRYHEIDSDAG, sal die Boerevolk optrek na die berg om ons volk se oorwinning oor een van die magtigste wêreldryke te vier en terselfdertyd die grondslag te lê vir ons toekomstige oorwinning. 'n Groot oorwinningsvuur sal jaarliks op die berg aangesteek word.**

**Met die oog op die petrolrantsoenering word O.B.-lede gewaarsku om vroegtydig voorsorg te tref vir die fees. Majuba is 160 myl van Johannesburg af.**

Om toegang tot die terrein te kry, moet 'n motor 2/6 betaal benewens ook 1/- vir elke persoon. Verder word 'n fooi van 2/6 vir elke staanplek gevra.

Kommando's word aangeraai om so vroegtydig moontlik hul staanplekke te bespreek sodat hulle in vaste blokke kan kamp as eenhede.

---

## Oorsig van Wêreldgebeurtenisse

Vervolg van bl. 2)

beheer oor die Middellandse See moet verkry as hulle Noord- en Midde-Afrika onder hul invloed wil plaas. 'n Poging om Engeland nou binne te val is nie onmoontlik nie, maar onwaarskynlik. Die Middellandse See skyn die werklik belangryke oogmerk te wees en dit om die volgende rede: 'n verdrywing van die Britse vloot en landmagte uit hierdie omgewing sal die deur tot Noord- en Sentraal-Afrika oopmaak en die Italiaanse vloot vir elders vrystel. Die onderneming, indien suksesvol, kan ten gevolge hê dat Turkye, vandag 'n „nie-oorlogvoerende" staat, sy beleid sal hersien en hom miskien aan die kant van die Spilmoondhede sal skaar, maar ten minste 'n absoluut neutrale houding sal aanvaar. 'n Direkte verbinding met Japan oor Indië en die Nabye Ooste sou nie meer buite die moontlikheid wees nie. So 'n verbinding sou die reus Rusland heeltemal omsingel. Dit is wel moontlik dat Indië 'n struikelblok kan wees, maar dit is nog glad nie 'n voldonge feit nie.

Waar gaan Hitler nou slaan en wanneer? As die Middellandse See die mikpunt is, sal hy saam met Mussolini pogings moet aanwend om die Britse vloot daar vas te keer. Die gereelde aanvalle op Malta is geen bewys dat die twee manne die besetting van Malta uit die lug beoog nie. 'n Besetting van Malta sou aan die geallieerde magte die moontlikheid gee om in die rigting van Suez of Gibraltar te beweeg. Inteendeel, die aanvalle op Malta is feitlik 'n bewys dat die Spilmagte elders sal beweeg. Dit is seker dat 'n aanval op Suez 'n moeiliker taak sal wees as 'n beweging teen Gibraltar. 'n Suksesvolle onderneming teen Suez sou egter van groter belang wees. Dit sou nie alleen die Britse vloot hinder om miskien die Verre Ooste langs die kortste weg te bereik nie, maar sou ook die Imperiale magte in Noord-Afrika vaskeer. 'n Suksesvolle aanval op Gibraltar sou die teenoorgestelde resultaat bring. Dit is dus heel moontlik dat 'n Duits-Italiaanse aanval hierdie keer teen die Suez-kanaal sal beweeg en, indien met sukses bekroon, sal Gibraltar die oogmerk wees vir 'n gesamentlike opmars van Duits-Spaanse magte.

Die tydperk van die nuwe aanslag op die Geallieerdes in Europa is nie bekend nie. Sal ons egter baie verkeerd wees as ons aanneem dat die nuwe hou gaan val wanneer Singapoer en die omliggende eilande in die grootste gevaar verkeer?

105 Takke 40,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

O.B. Almanak
vir 1942

'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.


Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.

Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.

PRYS 2/6 POSVRY.
24/- PER DOSYN.

Bestel van
O.B. HOOFKWARTIER,
Voortrekkergebou 403,
JOHANNESBURG, Tvl.

VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!



*Fondse oorskry £1,500,000.*
Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA
Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig volgens die Koöperatiewe Wet.)

Langstraat 301
KRUIDENIERS-GROENTE en VRUGTE Handelaars
Afrikana Voorsieners
'N SUIWER AFRIKANER BESIGHEID
Foon 3-1393
KAAPSTAD

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

DIE O.B., WOENSDAG, 21 JANUARIE, 1942.

# Die Republikeinse Mosie

Elke brandwag sal verheug voel oor die vordering wat ons in die afgelope tyd in die republikeinse rigting gemaak het — 'n vordering wat weerspieël word deur die debat in die hoogste raadsaal van die Unie. Nie dat dit ons nader aan die republiek gaan bring nie, hierdie geredekawel in die Britsagtige en Britsoorheersende Parlement van Suid-Afrika, want behalwe sy propagandawaarde vir die onderskeie partye is hierdie mosie van dr. Malan van alle betekenis ontbloot. Maar die feit dat die leier van 'n politieke party dit kan waag om hierdie vraagstuk in die parlement te berde te bring, is 'n bewys dat daar 'n baie sterk republikeinse gevoel onder die volk aanwesig is, anders sou geen party soiets gewaag het nie. Dit getuig daarvan dat die betrokke politieke leier die volk nou as ,,ryp'' vir 'n republiek beskou. En vir 'n politikus beteken ,,ryp'' dat die meerderheid van die volk so ten gunste van 'n saak is dat dit deur die party nou as 'n ,,plank'' in sy verkiesingsprogram opgeneem kan word.

Vir die volk het dit nog 'n ander betekenis ook: dit toon ons wat die leiers van die Herenigde Party bedoel as hulle van 'n republiek praat. Uit dr. Malan se toespraak sowel as die formule van sy mosie blyk dit dat wat hy beoog **slegs die verbreking is van die Britse KONNEKSIE** om daardeur ,,'n einde te maak aan die dubbele lojaliteit''. Origens waarborg hy die taal- en kultuurregte van die Engelse in ons land; **ja, die republiek moet gegrond wees op die GETROUE inagneming van die gelyke taal- en kultuurregte van albei seksies.** M.a.w. die staat moet dit as deel van sy taak onderneem **om die Engelse in Suid-Afrika Engels te laat bly.** Hoe 'n mens 'n Christelik-nasionale staat kan hê waar die staat die belange van mense getrou in ag moet neem wat nie Christelik-nasionaal is nie, bly vir ons duister.

In so 'n republiek sal jy maar weer dieselfde toestand hê as wat ons onder die ou Britse bedeling gehad het: 'n gedurige stryd om baasskap tussen die kulture met die ou-ou storie van Afrikaners wat na die ander kultuurstroom oorloop om later hul eie mense te beveg. Jy sal maar weer jou Jan Smutse, jou Deneys Reitze en Colin Steyns in jou ,,vrye onafhanklike Christelik-nasionale Republiek'' hê. **Jy sal maar weer jou stryd tussen twee partye hê — die een vir groter regte vir die ,,Engelssprekendes'' en die ander vir groter regte vir die ,,Afrikaanssprekendes''. Met dr. Malan se sterk begeerte om die partystelsel in die toekomstige republiek te handhaaf, sal dit meebring dat die Sap-party wat hom beywer vir groter regte aan die Engelse, enkelmediumskole sal afskaf as hy aan die bewind kom, die staatsdiens weer vol eentalige Engelse stop en die kapitaliste weer groter vryheid gee om die volk uit te buit. Jou onderwysers sal maar weer sonder burgerregte moet wees, want as die opvoeders van ons tweeslagtige volksjeug, mag hulle geen aanstoot gee aan die gevoelens van die Engelse kultuurgroep nie, en moet hulle volstrek neutraal wees. Jou predikante wat hulle vir die Afrikaanse kultuur beywer, sal dan maar weer deur 'n deel van jou volk uitgekryt word as 'n pes vir die land, as rassehaatstokers, ens.** In kort, jy sal maar presies weer die ou toestand van politieke stryd en wrywing in die land hê. Al wat anders sal wees, is dat daar geen ,,Britse konneksie'' meer sal wees nie — daardie vaagheid waarvan dr. Malan in 1927 gesê het: ,,Die vryheid wat ons vandag besit, is groter as die vryheid wat die gewese Republieke in die Vrystaat en Transvaal besit het. Om daardie rede sê ons ook vandag dat daar 'n end gekom het aan wat

(Vervolg op voet van volgende kolom.)

## Partystelsel Sal In Republiek Wat Kom Nie Geduld Word Nie

(Vervolg van bls. 1.)

daar 'n organisasie om die Voortrekkergebou te verdedig, en hoë offisiere van die Regering het ons geluk gewens met die pragtige dissipline wat geopenbaar was.

**Met verwysing na die partypolitici se aanval op die O.B. het spreker verklaar dat hy bewus is van gevalle waar politici aan die Regering geskryf het dat sekere persone geïnterneer moes word — persone wat hulle gemeen het in hul pad staan. Onderwyl politici verklaar het dat die Regering nie meer die O.B. se huise deursoek nie, is spr. alleen agttien maal ondervra en ondersoek deur die speurders.** Onlangs nog is sy huis een môre om 4-uur deur speurders en konstabels omsingel.

Een van die gevolge van die vervolgings is dat 'n jong konstabel doodgeskiet is aan die Rand. Die Afrikanerdom eis dat daar ondersoek ingestel word na die geval. **In dié geval het spr. gewaarsku teen die jong paddastoel-Führers wat 'n groot gevaar vir die volk is.** Hulle is altyd gereed om mede-Afrikaners te beskuldig as verraaiers, maar as dit op stuk van sake kom en hulle word deur die polisie ondervra, is hulle dadelik gereed om mede-Afrikaners te verklap. Talle van O.B.-manne is al deur die selle van Marshall-plein na die interneringskampe, maar nog nie een van hulle het sy mede-Afrikaner in die steek gelaat nie.

Ten slotte het genl. Jerling verwys na die eienaardige optrede van dr. T. C. Visser wat enige

(Vervolg in kolom 3.)

## *LEDELYS SLUIT FEBRUARIE*

DIE BESLUIT VAN DIE GROOTRAAD OM DIE LEDELYS VAN DIE OSSEWABRANDWAG FINAAL OP 28 FEBRUARIE TE SLUIT, WORD NOGMAALS ONDER DIE AANDAG VAN O.B.-OFFISIERE EN BRANDWAGTE GEBRING. ELKE LID WAT NIE SY LEDEGELD VOOR OF OP DAARDIE DATUM BETAAL NIE, SAL AS LID GESKRAP WORD. GEEN NUWE LEDE SAL DAARNA IN DIE BEWEGING OPGENEEM WORD NIE. IN HIERDIE BESLISSENDE JAAR SAL DIE OSSEWABRANDWAG IN GESLOTE GELEDERE OPRUK TER VERWESENLIKING VAN ONS VRYHEIDSIDEAAL.

(Vervolg van voorgaande kolom.)

die afskeidingsbeweging genoem is . . . Hollandssprekende Suid-Afrika wat tevore nie in die Britse vryheid geglo het nie, glo vandag daarin as 'n werklikheid.'' (Die Volksblad, 7 Oktober 1927.)

**En as daar weer 'n beslissing moet kom oor 'n belangrike saak soos oorlog, en die Engelse- of Sap-party is aan die bewind, sal ons maar weer in 'n oorlog gedompel word terwille van Britse sentiment, WANT DIT WAS NIE DIE BRITSE KONNEKSIE AS SODANIG WAT ONS IN DIE OORLOG GESLEEP HET NIE; DIT WAS DIE BRITSE SENTIMENT,** en solank ons in Suid-Afrika onderneem om Britse sentiment getrou in ag te neem onder die dekmantel van gelyke kultuurregte, **solank sal ons volk geen waarborg hê teen 'n herhaling van hierdie opoffering van Afrikaanse belange aan vreemdes nie.**

Alleen 'n staat wat gegrond is op die natuurlike beginsel van organiese eenheid, **d.w.s. 'n staat waarbinne net een nasie as volk erken word, kan in alle opsigte reg laat geskied aan die Afrikanerdom.**

maande gelede 'n voorstel tot oplossing van die geskil aan spr. voorgelê het en wat in beginsel ooreenstem met die Grootraad se voorstel aan dr. Malan. Aan hom is gesê dat sy voorstel aanneemlik is en dat hy dit aan dr. Malan ook moet voorlê. Maar nou dat dr. Malan die Grootraad se voorstel verwerp wat in prinsiep dieselfde is as syne, bedank hy uit die O.B. Sulke mense kan 'n mens nie verstaan nie.

### DS. STANDER

Ds. Stander het aanvanklik die noodsaaklikheid beklemtoon dat 'n predikant nie skaam moet wees om sy nasionale kleur te wys nie, en dat hy ook sy volk moet dien. Ons moet ons nie aan die lawaai van ander steur nie, maar voort marsjeer en dit as ons eersgeboortereg beskou om die eerste en enigste kolonne van ons vaderland te wees. Ons hoef nie te vrees nie, want dis 'n Almagtige God wat alles beskik en Hy sal ook vir ons die Rooisee deurganglik maak as ons op Hom vertrou. **Mense wat die O.B. aanval, sal hulle net te pletter loop teen die muur van die Ossewabrandwag. Dit spyt spr. dat dit juis die Nasionale Party is wat hom gaan stukkend loop.** Ons het dit nie gesoek nie, en het ook nie aangeval nie. As ons eers aanval, sal dit daardie mense vir goed berou. Wat die Regering se aanvalle betref, is dit 'n teken van swakheid en paniek dat hy so bang is vir 'n ongewapende Afrikanerdom. Wat die Partyleiers betref, is spr. jammer dat hulle die Regering help en dat die Party wat ons so lief voor was sy kop uiteindelik gaan stukkend loop teen die volk self. Vir spr. was daar twee groot teleurstellings: Eerstens, dat 'n pers waaraan die volk swaar opgebou het en wat almal gemeen het die volk sal dien, tans die volk in die steek laat en selfs die wapen teen die volk opneem. Tweedens, is daar die teleurstelling in die Party. Die huidige leiers het nie daar gekom op hul eie krag nie, en spr. sal hom sover dit homself betref, nie deur hulle laat uitdryf nie. Hulle kan sy naam skrap, maar sy stem sal hy elke keer uitbring, en wel op die regte plek.

Spr. het altyd fout gevind met die ander partye in ons land en gemeen dat sy party goed is, **maar vandag kom hy tot die oortuiging dat die kieme nie aan een of ander party kleef nie, maar aan die partystelsel. Dit sal jammer wees as ons party moet ondergaan, maar die hele vrotsige stelsel moet vernietig word sodat niemand meer uitgebuit kan word nie. Hy hoop die dag sal kom wanneer hierdie stelsel wat op ons afgedwing is, sy welverdiende dood sal sterf sodat die Afrikanervolk dan waaragtig een sal wees.** (Toej.)

Met betrekking tot die Nasionale Komitee het ds. Stander verduidelik dat daar nog geen amptelike samesprekings tussen die O.B. en die Partyleiers was nie. **Dit is volstrek onwaar dat 'n O.B.-verteenwoordiging dr. Malan in Pretoria gaan spreek het.** Dit was geen afvaardiging nie en die vergadering was ook nie in Pretoria nie, maar in Johannesburg. Spr. sal sodra hy in die Transvaal terug is vir dr. Diederichs en prof. Van Rooy as getuies oproep om te bewys dat hulle die O.B.-voormanne opgeroep het net soos hulle dr. Malan opgeroep het. **Persoonlik is die voorbehoud aan die begin gestel dat spr.-hulle nie die O.B. verteenwoordig nie. Hulle was nie as O.B.-lede daar nie.** Indien hulle as O.B. uitgenooi was, sou die Grootraad 'n afvaardiging moes gestuur het. Hulle het persoonlik gegaan as Afrikaners om meer inligting oor dr. Malan se voorstel te kry, maar nog voordat daardie voorstel amptelik bespreek is, het dr. Malan dit as verwerp beskou.

Die Partyleiding het spr. laat dink aan die soldate wat by Potchefstroom gelê en niks gedoen het nie. Hulle wou veg, en het toe die P.U.K. aangeval. Omdat daar geen verkiesings meer is om te veg nie, en die Party nie ledig kan lê nie, word die Ossewabrandwag nou aangeval.

Die vergadering is gesluit met die sing van die Volkslied.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Grondbeginsels Van Ons Republiek

**Die volgende is die grondbeginsels wat deur die Eenheidskomitee vir ons toekomstige staat aanvaar is, en wat vandag nog deur die Ossewabrandwag aanvaar word:**

## DIE REPUBLIEK

1. 'n Vry Nasionaal-Christelike Republiek, gegrond op 'n staatstelsel ooreenkomstig die begrippe van die volksregering van die Suid-Afrikaanse Republiek met die uitskakeling van alles wat vals of volkskadelik is in die demokrasie en met die nodige aanpassing daarvan by die moderne omstandighede in 'n geïndustrialiseerde staat ter bevordering van die volksbelange.

## GRONDBEGINSELS

2. Die grondbeginsels van die staatsbeleid sluit o.a. in:—

(i) Toegewyde volksdiens van elke burger in elke hoedanigheid, asook diensplig van elke manlike burger in die weermag van die Republiek.

(ii) Die Afrikaner as die oorspronklike ontginner van die land moet in sy burgerskap bevestig en beskerm word teen oorheersing deur diegene wat nie hul volste trou aan die land wil gee nie. Sy regte moet absolute beskerming ontvang en oral en altyd gehandhaaf word.

(iii) Die sterkste nadruk moet gelê word op 'n doeltreffende dissiplinering van die volk. Die leiers moet volkome gehoorsaamheid en trou van die Afrikanerdom kan verwag solank hulle die staat of ander werksaamhede van volksbelang behartig ooreenkomstig die weg wat deur die Afrikanerdom self aangewys is en uit sy geskiedenis volg.

(iv) Erkenning van die fondamentele belange van die gesin en 'n gesonde gesinslewe.

(v) Propagering van enige politieke beleid en die bestaan van politieke organisasies in stryd met die Christelik-nasionale lewensroeping van die volk word verbied, en die eerbiediging van hierdie lewenstoon word vereis in alle openbare aktiwiteite wat vormende invloed op die volksgees het.

(vi) Volksopvoeding en onderwys is 'n nasionale taak en skoolonderrig moet vir elke kind beskikbaar wees. Skoling van die liggaam sowel as die gees moet beoog word in besonder ook tot aankweking van beroepsvaardigheid. Die taak strek hom uit ook oor (a) jeugorganisasies en in besonder oor radio- en die vermaaklikheidswese in al sy vertakkings; (b) Kultuurontwikkeling.

(vii) Geen bloedvermenging nie.

(viii) Die ekonomiese en maatskaplike organisasie van die Republiek moet gerig wees op die hoogste mate van produksie, gepaard met voorspoed en geluk, wat nie die voorreg van 'n beperkte groep mag wees nie, maar so gelyk moontlik versprei moet word oor alle lae van die bevolking, sodat daar geen uiterstes van groot rykdom by sommige en groot armoede by ander in die Republiek mag heers nie.

Elkeen moet lonende arbeid en 'n billike vergoeding kan kry, met inagneming van sy bevoegdheid en waarde vir die samelewing.

Daar moet 'n minimum loonskaal wees sodat elkeen uit sy beroepsverdienste minstens in die gewone huislike behoeftes van 'n gesin behoorlik kan voorsien.

Die beginsel van privaat besit word erken, maar alle uitbuiting op grond van privaat besit, of privaat onderneming, moet bestry word, sowel as ekonomiese mededinging wat so 'n karakter aanneem dat dit vernietigend en verarmend in plaas van aansporend en volksopbouend werk.

Arbeidsplig in volksdiens rus op alle onderdane en burgers van die Republiek.

(ix) Dit is die plig van die Staatsbestuur om die beheer en koördinasie van die ekonomiese en maatskaplike lewe onder sy toesig te neem, uitgaande van die landboukundige grondslag van die volkslewe, met die doel om 'n behoorlike ewewig te verkry onder die bevolkingsgroepe in die verskillende beroep en ambagte, en tussen kapitaal en arbeid; en om die nasionale ekonomiese stelsel te beskerm teen landboukundige-, nywerheids- en handelsondernemings van 'n parasitiese aard of ondernemings wat in botsing kom met die belange van die gemeenskap as 'n geheel.

(x) Alle natuurlike bronne van die land moet deur die staat in volksdiens gestel word en die staat moet sodanige bedrywe of ondernemings onder sy beheer neem wanneer die algemene volksbelang dit vereis, of wanneer dit nie in die beste belang van die Republiek en sy burgers bestuur word nie.

(xi) Die bankwese van die Republiek moet 'n suiwer inheemse karakter dra, en om dit te verseker moet 'n staatsbank met al die vertakkings oor die hele land ontwikkel word, met die oogmerk dat hierdie instelling regstreeks die geld- en kredietwese van die volk sal beheer.

(xii) Die staat moet nywerheidsontwikkeling aanmoedig en help finanseer, maar nie alleen met die oog op die hoogste mate van winsgewendheid nie, dog ook om maatskaplike belange te dien.

## NATAL KOM STERKER UIT STRYD TEVOORSKYN

**Na aanleiding van die berig in Die O.B. dat daar in Natal net 180 lede uit die Ossewabrandwag bedank het, skryf genl. O. L. Nel, A.K.G. van Natal, dat dit foutief is. Op 'n vergadering in Bloemfontein 'n tyd gelede het hy verklaar dat daar ongeveer 100 bedankings in sy provinsie is. Dit is egter deur die pers as 180 gerapporteer. Vandag kan hy amptelik meedeel dat die bedankings in Natal slegs op 60 uitwerk. Nuwe inskrywings is egter so baie dat daar 'n geweldige krediet-balans is.**

(xiii) Landswye groeporganisasies vir werkgewers en werknemers in die verskillende ambagte en beroepe moet die staat se erkenning wegdra, wat hulle ook tot stand kan bring of hervorm met die doel hulle te organiseer en hulle in te skakel by die seggenskap van sulke groepe in die bestuur van die staat deur middel van die gemeenskapsraad.

(xiv) Die staat moet beskermend, ondersteunend en opheffend optree teenoor die swakkere dele van die samelewing en vorsiening maak vir 'n behoorlike behandeling van die weduwee en die wees, die gebrekkiges, die swakke van liggaam of gees en die oue-van-dae.

(xv) Die staat moet klasonderskeide bestry.

(xvi) Die gesondheid van die volk is 'n spesiale sorg wat op die skouers van die staat geplaas is.

## BESTUUR

3. Ter uitvoering van die Nasionaal-Christelike beleid sal die volk as hoof van die staat 'n president kies, met oppergesag; by wie (a) die regering van die staat berus, wat die uitoefening van die pligte aan 'n Hoofminister, bygestaan deur 'n Ministerraad toevertrou, wat deur hom aangestel word en aan hom verantwoordelik is; (b) wat die Volksraad kan ontbind en in gevalle 'n volkstemming kan laat hou; (c) wat aan die hoof van die weermag staan; (d) wat die Volksraad byeenroep, verdaag of ontbind.

(i) Die Volksraad word elke vyf jaar gekies deur die stemgeregtigde burgers, d.i. persone van wie verwag kan word dat hulle volksopbouend sal optree. (In verband met bg. samestelling van die Ministerraad en Volksraad moet daarop gelet word dat daar in hierdie stelsel nie soos in die teenswoordige sogenaamde demokratiese of Brits Parlementêre stelsel 'n politieke party ministers aanwys om die land namens 'n politieke party te regeer nie. Die volk kies die Staatspresident wat kragtens die algemene volkswil die land bestuur, bygestaan deur sy Ministerraad en die Volksraad wat op sy beurt bedien word met deskundige raad deur 'n Gemeenskapsraad.)

(ii) Die Gemeenskapsraad het uitsluitlik adviserende magte en word saamgestel deur die President-in-Rade. 'n Aantal lede word spesiaal aangestel vanweë hul kennis en ervaring in verband met die behandeling van belangrike landsvraagstukke; en ander word gekies deur organisasies wat bepaalde geestelike, ekonomiese, kulturele of maatskaplike groepe verteenwoordig en also deskundige advies kan gee vir die Regering.

## DEUR DR. MALAN TOT WRAAKNEMING AANGEHITS

### OPENLIKE ERKENNING IN HOF

In Die Burger van 14 Januarie het 'n verslag verskyn van twee jong seuns wat in Pretoria voor die hof verskyn het op aanklag van kwaadwillige beskadiging van eiendomme. Hulle het naamlik vensters stukkend gegooi van sekere Afrikaanse geboue, o.a. van Uniewinkels. Volgens die verslag het die een beskuldigde verklaar dat hy onder die indruk was dat Uniewinkels aan die Ossewabrandwag behoort **en hy het in die koerante gelees dat dr. Malan, „leier van die party wat die Regering opponeer, die Ossewabrandwag daarvan beskuldig het dat hy geweld beoog." Hy wou toe wraak neem oor die bomontploffings en het gevolglik die vensters stukkend gegooi.**

Hier het die volk 'n pragtige bewys van die gevolge van dr. Malan se onbeteuelde aanklagte teen 'n Afrikaanse beweging, en met watter erns sy losse bewerings in vyandelike kringe opgeneem word. As genl. Smuts dieselfde van die O.B. gesê het, sou hierdie seun waarskynlik nie daarop gereageer het nie, want dit sou 'n alledaagse beskuldiging gewees het, **maar nou dat die leier van die opposisie dit van sy eie mense sê, nou word dit geglo en daarvolgens word gehandel teen Afrikaanse ondernemings.**

Dit is presies wat ook in die geval van die speurders gebeur het. Toe dr. Malan met sulke ernstige beskuldigings kom, het hulle met alle krag ondersoek ingestel en elke verdagte voorval aan die O.B. gekoppel as 'n voldonge feit. Vandaar die grootskaalse klopjagte onlangs op O.B.-offisiere en -lede. **Al wat hierdie „volksleier" bereik het deur sy optrede was om die kelk van sy mede-Afrikaners nog bitterder te maak in hul vervolging.**

## SAP-MENINGS AS „BEWYS"

Die Burger van 14 Januarie bevat 'n aanhaling uit 'n geskrif van dr. P. J. Loock waarin laasgenoemde beweer dat dr. Van Rensburg hul bondgenoot is omdat hy dan ook die Herenigde Party sou beveg.

Met sulke kleinlikhede moet die volk nou wys gemaak word dat dr. Van Rensburg glo 'n Sap is. Indien ons dieselfde voorliefde vir Sapgeskrifte het as wat Die Burger openbaar, kan ons uit dieselfde Sap-koerant aanhaal waarin dr. Malan en sy onderleiers as hanskakies bestempel word wat nou bekeer is tot die Sapbeleid. Ons doen dit egter nie, maar stel net die vraag aan Die Burger of hy alles aanneem vir feite wat genoemde dr. Loock skryf en reeds geskryf het, en of hy gewillig sal wees om ook die geskrifte van dr. Loock aan te haal in verband met dr. Malan se wispelturige republikeinse verlede?

# Uniale Ossewabrandwag-Bevel No. 1/42

deur

*KOMMANDANT-GENERAAL DR. J. F. J. VAN RENSBURG*

in bevel

OSSEWABRANDWAG

*VRYHEIDSDAG*

1. Met die oorwinning van Majuba op 27 Februarie 1881 het die Boere tot uitvoering gebring die gelofte wat hulle aan mekaar afgelê het te Paardekraal; daardeur is die Boere-vryheid deur die Boere-wapen herstel.

2. Met die herdenking van hierdie heuglike gebeurtenis wil die Afrikanerdom hom weereens in gelofte verenig om die stryd onweerstaanbaar voort te sit tot verwesenliking van sy vryheidsideaal.

3. Alle lede van O.B.-kommando's wat nie die sentrale fees te Majuba-berg bywoon nie, moet onder leiding van die betrokke offisier, as kommandantskap, hoofkommandantskap of generaalskap na afstande dit toelaat, as 'n eenheid saamkom op Vrydag 27 Februarie 1942.

4. Niemand of niks mag die hou van hierdie byeenkomste belet nie.

5. By die Hoofkwartier van elke Provinsie sal brandend gehou word die vlam wat afkomstig is van die vlam wat brandend gehou word by Majuba-berg en dieselfde is wat tydens die Eeufeesviering deur die Voortrekkertjies van Kaapstad na Pretoria en Bloedrivier gedra is.

6. Elke Generaal sal sorgdra dat die betrokke offisiere op elke plek in sy afdeling waar byeenkomste gereël word, die nodige houtstapels vroegtydig aangepak word; hy sal ook sorg om vroegtydig van sy Provinsiale Hoofkwartier te verkry (a) die vryheidsvlam, (b) afskrifte van die geskiedenis van Majuba, (c) die verklaring en gelofte opgestel deur die Grootraad.

7. Elke Brandwag sal 'n stuk hout saambring om op die vuur te werp. Dit word aan die hand gedoen dat die hout 18 duim lank en 2 tot 3 duim dik sal wees.

8. Mede-Afrikaners wat nie lede is van die O.B. nie, word ook uitgenooi om deel te neem aan die verrigtinge.

9. Offisiere mag reëlings tref vir die uitvoering van 'n groter program op hierdie dag, maar die program vir die besondere plegtigheid van die aand, soos hieronder aangegee, mag onder geen omstandighede wat tyd en aard betref, verander word nie.

**PROGRAM VIR DIE AAND VAN 27 FEBRUARIE 1942**

**7.30 n.m.:**—Samekoms en opstel van kommando's en besoekers. Dit sal gevolg word deur die lees van Josua 1 vers 1 tot 11 en verse 16 tot 18; die sing van Gesang 20 vers 9 (Kom treen wy dan gemoedigd voort) en gebed. Waar die tyd dit toelaat, kan hierna gewyde en volksliedere gesing word.

**8.20 n.m.:**—Die vryheidsvlam wat in die tussentyd op die terrein gereed gehou is, word nou deur seuns en dogters van die Jeugfront aangebring en aan die offisier in bevel oorhandig.

**8.30 n.m.:**—Die geskiedenis van Majuba, soos opgestel deur genl. prof. A. J. H. van der Walt (afskrifte waarvan deur Hoofkwartier aan elke Generaal besorg sal word), word voorgelees.

**8.50 n.m.:**—Vyf of meer fakkeldraers tree na vore, steek hul fakkels aan by die vryheidsvlam, en neem plaas om die houtstapel, gereed om op bevel die vryheidsvuur aan te steek.

**9 n.m. (presies):**—Die offisier in bevel gee die teken deur 'n fluitjie te blaas en die fakkeldraers steek die vryheidsvuur aan.

**9.5 n.m. (presies):**—Die vryheidsvuur brand nou deur die lengte en breedte van Suid-Afrika en die offisier in bevel blaas nou vir die tweede maal 'n fluitjie, waarop almal teenwoordig op aandag, met die offisiere op saluut, sal staan en in stille bepeinsing vir drie minute in die vuur sal tuur.

**9.8 n.m.:**—Die vryheidsverklaring en gelofte soos opgestel deur die Grootraad word deur die offisier in bevel op plegtige wyse voorgelees.

As bewys van die aanvaarding hiervan en die onwrikbare wil en vasberadenheid van die teenwoordiges sal elkeen op 'n teken ordelik vorentoe tree en 'n stuk hout op die vryheidsvuur werp. Dit sal gevolg word deur die sing van die laaste vers van ons Volkslied:

„Op U almag vas vertrouend het ons vadere gebou.
Skenk ook ons die krag, O Here, om te handhaaf en te hou—
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, O Heer:
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer."

Hierdie deel van die verrigtinge sal nou gesluit word met gebed.

(Get.) Dr. J. F. J. van RENSBURG,
Komdt.-genl.: Ossewabrandwag.
Hoofkwartier van die Komdt.-genl.,
15 Januarie 1942.

## Hul Opvatting van Nuuswaarde

Die Burger van 12 Januarie het 'n kort verslaggie bevat van 'n belangrike vergadering wat die vorige Saterdag op Bellville gehou is en waar die Kommandant-generaal, die voorsitter van die Grootraad en die Assistent- kommandant-generaal van Transvaal ook opgetree het. In die verslag word die name van die voorsitter en die A.K.G. van Transvaal nie eers gemeld nie, hoewel hulle albei die vergadering toegespreek het. Die Burger beroep hom daarop dat hy 'n nuusblad is en omdat hy 'n nuusblad is, **stuur hy op Dingaansdag sy verslaggewers na Dingsaansdagsportbyeenkomste om daarvan verslag te kry sodat sy lesers glo kan sien wat eintlik op Dingaansdae gebeur.** Dit is nuus vir sy Afrikaanse lesers, maar dit is nie nuus dat twee leiers van die grootste Afrikaanse organisasie, buiten die Kerk, uit Transvaal in Kaapstad voor 'n vergadering optree nie waar sy verslaggewers wel teenwoordig was. Van Engelse wat per toeval van die een plek na die ander reis, word dikwels melding gemaak.

Dit is presies wat die O.B. verkeerd vind by hierdie koerant wat aan die volk behoort. Hy is verdraagsaam teenoor die vyande van ons volk, maar venynig en agressief teenoor sy mede-Afrikaner.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

**DIE GOEIE HOOP**
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814. — VIR — Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
JOHN BROCKMAN EN KIE SE
Wingerdswawel — Meta — Glensel — Loodarseniek — Black Leaf 40" en 155" Snoeiskêre — Wingerdskêre, ens.

**O.B. Musiekbundel**
bevat
22 STUKKE PRAGTIGE MARSMUSIEK
(meestal met woorde) en 'n portret van die
KOMMANDANT-GENERAAL.
Prys 6/- stuk.
*Verkrygbaar by*
DIE O.B.-HOOFKWARTIER,
Voortrekkergebou 403, Johannesburg.

**DAGBREEK KARTELS**
*word gedra deur*
DEFTIGE DAMES
Skakel 2-5662
En Maak U Bestelling
DAGBREEK
Dames Hareversorging-Salon
*Langmarkstraat 141 KAAPSTAD*

**SASBANK**
Voorsien in 'n noodsaaklike behoefte....
LENINGS verkrygbaar vir enige regmatige doel teen uiters billike terme.
LEEF OP 'N KONTANTBASIS EN BLY U EIE BAAS.
Duisende maak gebruik van SASBANK fasiliteite om hulle van die ekonomiese juk te bevry.
SASBANK
is 'n kind van die Volk en dien die Volk.
*Raadpleeg Sasbank.*
PAARL:
Pêrel-Boedelgebou, Hoofstraat 327, Posbus 266.
KAAPSTAD:
Parlementstraat 32, Posbus 2387.
WORCESTER:
Leadergebou, Hoogstraat 4, Posbus 57.

## *AAN DIE PENKOPPE*

Ek wonder hoeveel van julle al gaan stil sit en dink het oor: wat is 'n **Afrikaner?** Julle sal miskien dadelik sê: O, maar dis nie nodig om daaroor te dink nie; 'n Afrikaner is natuurlik iemand wat in Suid-Afrika gebore is. Sommige sal sê: Nee, dit is iemand wat in Suid-Afrika gebore is en wat Afrikaans as huistaal het, en nog ander sal beklemtoon dat dit „blanke" persone is van wie gepraat word.

Maar weet julle, ek ken baie mense wat in Suid-Afrika gebore is, wat Afrikaans praat, wat blank is, maar wat nie **Afrikaners** is nie. Ja, hulle is selfs ons Afrikaners se grootste vyande. Hulle minag ons land, ons volk en ons taal — omdat dit so klein is in vergelyking met die grote Engeland of die grote Duitsland. Hulle wil tog so graag Engelse wees en 'n kleiner groep wil Duitsers wees. Hul liggaam is Afrikaans maar hul siel nie. Eintlik is hul siel sonder enige karakter, want Afrikaans is hul siel nie en Engels, Amerikaans, Duits, of wat ook al, kan dit nooit word nie. Hulle is dus eintlik sielkundige „basters". Nou ja, julle weet wat die mense van basters dink. En nie net ons nie: Die Engelse en Duitsers dink ook nie baie van basters nie.

Dink nou maar 'n oomblikkie self na wat dit beteken om 'n Afrikaner te wees. Julle het mos 'n begrip van hoe 'n Engelsman of 'n Jood lyk en lewe. Goed, vergelyk nou jou eie manier van praat, dink en lewe met dié van daardie mense en julle sal verstaan wat die verskil tussen hulle en ons is. Ek gaan dus nie vir julle 'n opsomming gee van wat 'n Afrikaner is nie, dan sal ek miskien preek.

Maar die Vaderland het een groot eis waaraan elkeen van ons moet voldoen as hy wil hê dat die Vaderland hom as goeie Afrikaner sal beskou: Jy moet Suid-Afrika alleen liefhê (maar jy hoef nie ander lande te haat nie) en al jou kragte inspan om van hom 'n groot land te maak. Jy moet sy myne ontgin, sy grond bewerk, sy diere en bosse, berge en riviere gebruik om die land ryk te maak, sodat daar 'n groot volk kan lewe. Jy moenie die rykdomme hier wil uithaal en oor see stuur, of jouself wil verryk nie en jy mag nie lui en sleg wees, sodat vreemdelinge jou vaderland se rykdomme kom vat en wegstuur nie.

Die boodskap van die Vaderland is:

Penkoppe, ek eis van julle dat julle as Afrikaners my sal bemin bo enige land ter wêreld en dat elkeen van julle sal werk en vorentoe beur om die land bewoonbaar te maak vir 'n groot Afrikaanse volk, soos jul voorouers probeer doen het. Anders beskou ek julle as vyande en swakkelinge.

PENKOPPE, WEES AFRIKANERS!

## GELEENDE VERE BEMOEILIK VERKRYGING VAN REPUBLIEK

### Party se Vorm Verander, Dog Metode Bly Demokraties

Die Herenigde Partyleiding het nou besluit om die volk te dril in verkiesings. Die Partyleiers het uitgevind dat die ou demokratiese stelsel nie meer in ons tyd deug nie, en dat die partystelsel uitgedien is. Daarom sal verkiesings nie meer op die ou demokratiese manier geveg word nie, maar dit sal voortaan gedoen word in die kleed van die Ossewabrandwag. Strydspanne (dit is 'n ander woord vir die Ossewabrandwag se kommando-indelings) sal nou gestig en geoefen word, o.a. in die taak om 'n verkiesing met welslae te veg, en wel volgens die organisasie-metode van die Ossewabrandwag.

Die Partyleiding vergeet egter die waarheid van die spreekwoord dat al dra 'n aap 'n goue ring, hy is en bly 'n lelike ding. **Al neem die Party nou ook al die Ossewabrandwag se VORM oor, sy DOEL en STREWE is nog DEMOKRATIES: hy wil verkiesings wen. Hy wil die republiek op geen ander wyse tot stand bring nie as deur middel van die stembus en die stembus alleen.** Om 'n meerderheid by die stembus te behaal, het die Party egter die steun van die **meerderheid van die bevolking** nodig. Die Ossewabrandwag, met sy honderdduisende lede, se organisasievorm word nou deur die Party vir homself toegeëien ten einde hom in staat te stel om 'n verkiesing te wen. **In plaas van die samewerkende hand van die O.B. aan te neem waardeur die O.B. se organisasie die Party in verkiesings kan help, verklaar die Partyleiding nou die Ossewabrandwag met sy duisende lede tot vyand.** Die Grootraad van die O.B. het naamlik uitdruklik en so vroegtydig dat dr. Malan dit aan 'n gerug toegeskryf het, gewaarsku dat **as die leiers van die Party 'n eie aksiefront gaan stig, hulle die volk in twee vyandige kampe sal dryf.**

Sonder hierdie duisende O.B.-lede is die Party nie in staat om 'n verkiesing met welslae te veg nie. **Watter hoop het hulle nog om die republiek deur middel van die stembus te bewerkstellig?**

## EREWAGTE, VLAE EN ARMBANDE

Die beroepspolitici, dit is mense wat politiek gekies het as 'n lewensbestaan en nie hul boerdery of ander werk as hul vernaamste bron van lewensbestaan het nie, het vreeslik te kere gegaan oor die „grootdoenery" van die O.B.

Die „grootdoenery" is die optogte met vlae, kommando's, erewagte en orkeste. Op Partybyeenkomste was daar nie sulke dinge nie omdat die Party se funksie was en altyd sal wees vergadering vir mosies van vertroue of wantroue en nie volksfeestelike aangeleenthede nie.

Die beroepspolitici het toe jaloers geword om die pragtige vertoon en volksdemonstrasies van die O.B. te sien. Hoekom kan hulle, partyagente, rondreisende sekretarisse, kandidate, ens. dan nie ook vlae, orkeste, erewagte, ens. hê om hul kandidaatskappe en leier- en onderleierskappe te help propageer nie? Hulle het toe vir die O.B. kwaad geword en uitgeroep: „Daardie grootdoenery moet 'n einde kry. Slaan dood die O.B.!

Nou is hul nuwe aksiefront se program ook vlae, optogte, erewagte, perdekommando's, ens. en om die „belangrikheid" van die „leiers" en aspirant-kandidate uit te wys, ook **armbande!** Netnou volg glo blink uniforms.

'n Volk moet verdeel word, begryp jou, oor „grootdoenery"; dit is, erewagte, vlae, vaandels en armbande!


ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*

Gaan u na die Universiteit of die Kosskool, al u wasgoed moet gemerk word.
Bestel dadelik 'n NAAMSTEMPEL met onuitwisbare ink, 9/- posvry, en 'n SERVETRING met u naam uitgegraveer vir 7/9 posvry, vanaf TAFELBERG INDUSTRIEË, Kohlingstraat 16, Kaapstad.

**Die Voortrekker-Skoenhospitaal**

Waarborg Goeie Werk teen Billike Pryse.

*Die enigste suiwer Afrikaanse Besigheid van sy soort in Kaapstad*

*AFRIKANERS, ONDERSTEUN AFRIKANER BESIGHEDE!*

*FOON 3-0164*

*Langstraat 291, Kaapstad*

HAVENGA SE MOTORS
Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC
MOTORKARRE
Goeie en billike bediening
**Posbus 45 — CERES**


### TENDERS

**TENDERS** word ingewag vir die bou van 'n nuwe Kerksaal Ned. Ger. Kerk, Maitland.

Planne en bestekke verkrygbaar op aansoek by die argitek J. Anthonie Smith, 7de Vloer, Groote Kerk-gebou, Kaapstad.

Tenders moet die Argitek bereik voor **2 Feb.** 1942.


HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

**VRUGTEBOME:** Beroemd van Kaap tot aan Zambesie.
**ROSE:** Pragversameling van kleure. Bespreek nou vir winter-aflewering.
**Palms, Heining-, Bloekomboompies, Blomstruike** nou te plant. Geïllustreerde plantgids gratis.


### *Geklassifiseerde Advertensies*

#### GEMAALDE KRAALMIS

VIR eerlike bediening, bestel hamergemeulde kraalmis, gelewer op Bona Fide boere se stasies, teen 25/- per 11 sak ton, van J. A. SCHOEMAN, P/S Grootfontein, SOMERSET-OOS.

#### TAFELAARTAPPELS

GOEIE Tafelaartappels 19/- per sak, van 153 pond. Saadaartappels, eier- en okkerneutgrootte, Arran Chief en Ever Good 25/- per 153 pond. Up-to-date 30/-. Kontant met bestelling.

P. H. DU PLESSIS,
P.K. Hazenjacht.

#### BETREKKING VAKANT

Doen dadelik aansoek vir die betrekking van ongetroude voorman op vrugte- en wynplaas. Vry inwoning. Meld salaris verlang. Alleen applikante wat bewys kan lewer dat hul O.B.-lede is hoef applikasie te maak.

MAX SMUTS,
Middagkrans,
Franschhoek.

### ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

*Uitgegee deur J. A. Smith, Groote Kerkgebou 916, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*